**Publication:** Beeld - Sport

**Page:** 22

**Title:** Arende se Marvelous vind rugbytuiste by Pumas

**Publish Date:** 19 April 2024

**AVE:** 28045.14

**Author:** Marnus Kok

# Arende se Marvelous vind rugbytuiste by Pumas

**Marnus Kok**

Marvelous Mashimbyi, wat vanjaar 'n uitblinker vir die NWU-Arende in die Varsitybeker-reeks was, het 'n nuwe rugbytuiste by die Pumas gevind.

Dié boorling van Tzaneen, wat op die skoolbanke van die Hoërskool Ben Vorster in dié dorp gesit het, sal op 1 Julie in Mbombela aanmeld. Hy is tot die einde van Oktober 2026 by die Pumas gekontrakteer.

Mashimbyi (22), 'n agtsteman wat 1,85 m in sy sokkies staan en die skaal op 100 kg laat trek, het ook al vir die Luiperds diens gedoen. Hy is 'n sterk baldraer, wat ook goed verdedig.

Spelers wat tevore vir die NWU-Arende gespeel het, soos André Fouché (losvoorspeler), die heelagter Tino Swanepoel en die stut Sampie Swiegers, is reeds by die Pumas gekontrakteer.

Die voormalige Junior Bok Jan-Henning Campher (haker) sal die Pumas môre teen die Bulldogs in Oos-Londen aanvoer in 'n kragmeting in die SA Beker-reeks.


Jimmy Stonehouse, afrigter van die Laevelders, het 'n 23-tal wat as 'n B-span beskou kan word vir dié wedstryd gekies.

"Ek moet sien wat ons diepte is met die oog op die Curriebeker. Daarby moet 'n mens al die spelers in die groep positief hou. As van die ouens net oefen en nooit speel nie, weet ek in elk geval nie hoe hulle in 'n wedstryd sal speel nie," sê Stonehouse.

"Ek sien van die spanne praat van hul A- en B-span. Maar ek kan tog nie vir die ouens hier sê 'jammer, jy is 'n B-spanspeler' nie. Hierdie ouens moet op die veld gaan en doen wat van hulle verwag word."

Die Pumas en Griekwas is die enigste onoorwonne spanne in die SA Beker-reeks. Die Poublou-es beklee egter die eerste plek op die reeks se puntelys vanweë 'n beter punteverskil.

■ **Pumas:** Qamani Kota, Lundi Msenge, De-an Ackermann, Waqar Solaan, Zeilinga Strydom, Gene Willemse, Giovan Snyman, Orateng Koikanyang, Anele Lungisa, PJ Jacobs, Jeandré Leonard, Tiaan de Klerk, Munashe Mhere, Jan-Henning Campher (k), Etienne Janeke.
PLAASVERVANGERS: Darnell Osuagwu, Stephan de Jager, Njabulo Gumede, Mika Cowley, Jaco Labuschagne, Sylvester Hassien, Russwill Fredericks, Diego Swartz.
**Afskop:** 15:00.




**Marvelous Mashimbyi van die Arende.** Foto: VARSITYBEKER | TIAN DU PREEZ



The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.